



# Vuk'uzenzele

'n Produk van die Regering se Kommunikasiediens (GCIS)

Afrikaans/Engels

WERK-  
GELEENTHEDEN  
BINNE:  
**GRATIS**

September 2015



Ken jou  
raadslid

Bl 10



Kantoor van  
die Gesins-  
advokaat  
stel kinders  
voorop

Bl 14



Afrika  
kan 'n  
innovasie-  
leier  
word

Bl 15

## Nuwe skool vir Mpumalanga-gemeenskap



Die moderne nuwe Makause Gekombineerde Skool, wat tot 1 200 leerders kan inneem, is in Phola, Mpumalanga geleë.

Noluthando Mkhize

**D**ie Makause Gekombineerde Skool in Phola, Mpumalanga, het hoop vir die gemeenskap gebring deur toegang tot onderwys te verseker. Die moderne nuwe skool, wat teen 'n koste van R74 miljoen gebou is, het 'n werklikheid geword danksy 'n vennootskap tussen die Departement van Basiese Onderwys en die mynmaatskappy Glencore.

Die skool was deel van 'n groot verskuiwingsprojek waarin Glencore 120 gesinne van landelike Tweefontein na Phola verksuif het as deel van sy Tweefontein-optimaliseringprojek.

Die projek verteenwoordig 'n R8-miljard-belegging deur Glencore, met 780 voltydse werknekmers, wat agt miljoen ton verkoopbare steenkool per jaar produseer. Tydens

konstruksie het die projek meer as 2 600 werkgeleenthede geskep asook verskeie besigheidsgeleenthede vir plaaslike entrepreneurs deur middel van plaaslike aankope.

Die projek sluit ook 'n behuisingsontwikkeling in wat teen 'n bykomde bedrag van R70 miljoen voltooi is en wat huisvesting bied aan sowat 20 gesinne wat verskuif is.

### 'N BAKEN VAN HOOP

Die skool, wat in die middel van die behuisingsontwikkeling geleë is, maak voorstiening vir pre-primêre, primêre en sekondêre grade. Dit het 32 klaskamers, laboratoriums, 'n huishoudkundeklas, hout- en metaalwerkswinkels, 'n biblioteek, 'n rekenaarsentrum en 'n saal vir 1 200 leerlinge. Amos sai Mahlangu is al 32 jaar lank die skoolhoof van Makause en het dit gesien ontwikkel oor die jare.

"Voor die verskuiwing was ons in Tweefontein geleë, wat 'n boerdery- en mynbou-gemeenskap is. Dit het beteken dat kinders meer as 40 kilometers moes ry met vervoer wat deur die Departement van Basiese Onderwys voorsien is, om by die skool te kom."

Sedert die die skool geopen is en die behuisingsontwikkeling tot stand gekom het, staan kinders nou minder as een kilometer skool toe. "Een van die grootste probleme by die ou skool was afwesigheid. Ouers het ook nie skoolvergaderings bygewoon nie weens die afstand wat hulle moes reis om daar te kom. Sedert die hervestiging, is daar 'n afname in afwesigheid en meer ouers woon vergaderings by," het Mahlangu gesê.

Phillip Maimela, voorsitter van die skool se beheerliggaam, het twee kinders wat leerders by die skool is. Hy sê hy is tevreden met die

### Werk, huise en gesondheid vir myndorpe

**Die Regering het R18 miljard beskikbaar gestel** om die lewensomstandighede van myngemeenskappe in nood regdeur die land te verbeter.

Die projek, wat deur die Interministeriële Komitee (IMK) vir die opknapping van myngemeenskappe bestuur word, sluit behuisings- en welstandsprojekte in.

"Altesaam R18 miljard is geoormerk vir voortgesette werk in myngemeenskappe wat in nood verkeer. Die volgende provinsies word hierdeur begunstig: die Oos-Kaap, die Vrystaat, Gauteng, KwaZulu-Natal, Limpopo, Mpumalanga en Noordwes," het President Jacob Zuma onlangs gesê.

Die President het aangekondig dat die Departement van Menslike Nedersettings met die samewerking van sy agentskappe, sowat 66 behuisingsprojekte in die openbare sektor uit die 15 voorkeurmyndorpe implementeer.

In die 2014/15 finansiële jaar is meer as R419 miljoen aan 'n beskermde begroting toegewys vir die upgradering van informele nederstettings in voorkeurmyndorpe in Limpopo, die Vrystaat, Gauteng, Mpumalanga en Noordwes.

Sowat R1 miljard is vir hierdie finansiële jaar aan beskermde fondse toegewys. Dit sal na verwagting sowat 19 000 behuisingsgeleenthede in myndorpe skep.

Bykomend tot die beskermde befondsing wat vir myndorpe in nood geoormerk is, het die Departement van Menslike Nedersettings se behuisingsagentskappe meer as R1 miljard bygedra tot geïntegreerde menslike nedersettings in myndorpe. President Zuma het gesê verskeie staatsdepartemente fasiliteer groot- sowel as kleinskaalse industriële projekte in die 15 myndorpe.

Hy het gesê dit is veral deurslaggewend in die skep van besigheids- en werkgeleenthede.

nuwe fasiliteit en hy weet dat sy kinders nou behoorlike onderrig ontvang.

Die Minister van Basiese Onderwys, Angie Motshekga, wat die opening van die skool bygewoon het, het gesê dit sal 'n groot bydrae lewer tot die verbetering van hierdie leerders se lewens.

"So 'n groot belegging in die onderwys is 'n aanduiding dat Glencore hom verbind het tot die land se toekoms. Dit is slegs wanneer ons saamstaan as die Regering, die sakesektor, die burgerlike samelewing en gewone burgers dat ons werkelik die struikelblokke van ongelijkheid kan oorkom.

**> Vervolg op bl 2**

Vuk'uzenzele is

**GRATIS**

... maar deel dit met ander as jy klaar gelees het

## ONDERWYS / ALGEMEEN

# President Zuma gesels met studente



President Jacob Zuma in gesprek met studente van die Tshwane Universiteit vir Tegnologie.

## Maselaelo Seshotli

**P**resident Jacob Zuma het tydens 'n onlangse besoek aan die Tshwane Universiteit vir Tegnologie, noord van Pretoria, die lewensomstandighede van studente eerstehandservaar.

Die besoek het deel gevorm van die Regering se Siyahla Presidensiële Moniteringsprogram en sy Jeugmaandprogram, wat fokus op opvoeding, vaardigheidsontwikkeling en werkskepping.

"Ons het klagtes ontvang van studente oor die vervalle toestand van slaapkamers en badkamers in die vrouekoshuis. Ons het ook klagtes ontvang oor tavernes wat by die ingang van die kampusse bedryf word; dit

was dus belangrik dat ons self moes kom kyk wat aan die gang is," het President Zuma gesê.

Hy het met studente gesels en beide die mans- en vrouekoshuise besoek. Studente het hul ontevredenheid met die swak lewensomstandighede en 'n gebrek aan behoorlike sekuriteit uitgespreek.

Studente het ook die uitdaging van 'n gebrek aan fondse om vir hul studies te betaal geopper; dit is 'n uitdaging wat baie van die land se jeug in die gesig staar.

"Ons is gelukkig dat jong mense in ons land honger is vir onderwys en ons as die Regering moet positief op hierdie uitdaging reageer," het President Zuma gesê.

Lindokuhle Manne (18), 'n eerstejaarstudent in Besigheidskommunikasie, het gesê haar

grootste bekommernis is finansiële steun.

"Nie baie studente het toegang tot die Nasionale Studente Finansiële Hulpskema nie. Dit tref ons hard," het Manne gesê.

## BETHESDA FOUNTAIN KERK

Die President het ook die Bethesda Fountain Kerk besoek, wat 'n toe-vlug geword het vir studente wat nie verblyf kan kry nie of nie verblyf op die kampus kan bekostig nie.

Die kerk huisves sowat 70 studente. Een van hulle is die 20-jarige Nkosizingiphile Sibeko.

"Die kerk se lidmate is wonderlike mense wat ons nog net goedgesind was," het Sibeko gesê.

## JEUG-BEMAGTIGING

Die President se laaste stop was die Botho

Sosio-sielkundesentrum, 'n vaardigheidsontwikkellingsentrum vir die jeug, wat deur die Universiteit goedgekeur is.

"Die sentrum het oor die jare baie van die gemeenskap se jeug gehelp om verskeie vaardighede aan te leer en hul lewens te verander deur hulle uit die strate te kry en hulle 'n geleenthed te bied om hulself te verbeter," se die sentrum se bestuurder, Stevens Lodi.

Die sentrum, wat verskillende kursusse aanbied, word deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling befonds en bied sy dienste aan jeugdiges tussen die ouderdomme van 18 en 35.

Comfort Mnisi (21) het vroeg vanjaar by die sentrum aangesluit en het reeds 'n kursus in die ontwikkeling van sosiale lewensvaardighede voltooi. Sy is tans besig met opleiding in rekenaarvaardighede.

"Voor ek by Botho aangesluit het, het ek niks gehad om te doen nie. Nou het ek 'n doel in die lewe, en met die vaardighede wat ek hier geleer het sal ek vooruitgang in die lewe kan maak," se Mnisi.

## INGRYPING DEUR DIE REGERING


Staatsdepartemente en -instansies werk daaraan om op verskeie maniere aandag te gee aan studente se klages. Dit sluit in:

- > Die Departement van Arbeid het 'n databasis wat werklose jeug regstreer en hulp verskaf met werkplasing deur Werkverskaffingsagentskappe.
- > Die Suid-Afrikaanse Polisiediens het 'n internskapprogram bekendgestel wat 15 studente inname.

President Zuma het die gemeenskap versoek om studente te help deur huisvesting te verskaf, en gesê dat baie van hulle bereid sal wees om huur te betaal as hulle geskikte behuising kan kry.

Die besoek was 'n sukses in baie opsigte as belangrike ingrypings. Vooruitgang is reeds waargeneem en aangekondig.

# Bou huise vir 'n blinker toekoms



Minister Faith Muthambi help om een van die huise te bou wat sy vir vyf gesinne benede het.

## Thandeka Ngobese

**T**oe die Minister van Kommunikasie, Faith Muthambi, Willow Fountain in Pietermaritzburg, KwaZulu-Natal besoek het tydens die Presidensiële Imbizo in September verlede jaar, was sy diep geraak deur die lot van die gemeenskap.

Sy het 'n paar van die gesinne benede dat sy iets sou doen om hulle te help om hul lewens te verbeter.

Versnel na 2015 en Minister Muthambi het haar belofte gestand gedoen.

Tydens die Presidensiële Imbizo het Minister Muthambi 'n deur-tot-deur-diensleweringsveldtog in die omgewing onderneem.

Toe sy besef het wat die haglike lewensomstandighede van die inwoners was, het die Minister Wyk 14 aangeneem en voorts ook sewe behoefte gesinne geïdentifiseer wat huise nodig gehad het. Die meeste van hierdie gesinne het in beknopte, oorvol modervuurtjies gewoon.

"Ek is baie bly dat die munisipaliteit hom

daartoe verbind het om huise vir vyf gesinne te bou. Ek kon borge kry om die ander twee te voltooi. Die kontrakteurs het benede dat al die huise, wat ses vertrekke sal hé, binne twee weke voltooi sal wees. Die munisipaliteit sal ook dienste soos elektrisiteit, water en meubels aan die huise voorsien," het die Minister gesê.

Die behuisingsprojek het 10 werkgeleenthede geskep.

Een van die beginstigdes, Mlandeli Madondo, 53, het gesê hy het saam met nege ander mense in 'n drievertrek-modderhuis gebly. "Daar is geen privaatheid nie en ons het oorleef deur stukwerk. Ons is bly dat die Regering ons waardigheid teruggegee het deur vir ons hierdie huis te bou. Ek het nie woorde om Minister Muthambi te bedank nie," het Madondo gesê.

'n Ander beginstigde, Sanele Mathe, 19, het gesê sy kan nie wag dat die nuwe huis voltooi word nie.

"Ons is 15 mense wat in hierdie tweevertrek-huis bly en daar is geen privaatheid nie. Ek kan nie wag dat die nuwe huis voltooi

word nie. Ons is werklik dankbaar vir hierdie behoorlike huis," het sy gesê.

## VERANDER LEWENS

Die gemeenskap hoef nie meer lang afstande af te lê om toegang tot die internet te kry nie, want hierdie diens is nou op hul drumpel beskikbaar, danksy die Departement van Kommunikasie (DVK).

Minister Muthambi het tydens die opening van die sentrum gesê nadat sy die sentrum besoek het, het sy ontdek dat die meeste jong mense nie skool toe gaan nie en dat hulle in skooltyd op straat was.

Die nuwe rekenaarsentrum is daarop gemik om te verander hoe veral jongmense hul tyd deurbring en om hulle te help om produktiewe lede van die gemeenskap te word.

Die DVK, in vennootskap met Vodacom, het die rekenaarsentrum amptelike geopen. Dit spog met 21 rekenaars, wat 'n hoëspoed breëband-internetverbinding bied en jong mense in landelike gemeenskappe help om met die wêreld te verbind.

Minister Muthambi het gesê die moderne rekenaarsentrum sal mense ook help om rekenaarsvaardighede te leer, wat hulle goed staan sal kom wanneer hulle werk soek.

"Die sentrum sal ook 20 werkgeleenthede vir jong mense skep wat sal help om ander by die sentrum op te lei. Twee van hierdie jong mense kry alreeds opleiding by Vodacom sodat hulle weer ander mense kan oplei.

In sy Staatsrede het President Jacob Zuma gesê openbare en privaatvennootskappe is die sleutel tot beter dienslewering. "Ons staan vandag hier as ware getuies van die President se woorde," het Minister Muthambi gesê.

Viwe Soga, Vodacom se raadgewer vir provinsiale en plaaslike regerings, het gesê die maatskappy het Wi-Fi met 2GB-data by die sentrum geïnstalleer en sal dit elke maand vir die volgende 12 maande voorseen.

"Dit is vir ons baie opwindend omdat dit 'n weerspieëling is van ons verbintenis om te verseker dat Vodacom die mag van die internet binne almal se bereik plaas," het Soga gesê.

Minister Muthambi het ook skooldrag aan sewe leerders uit behoefte gesinne oorhandig. Sy het die gemeenskap versoek om die fasilitete wat aan hulle toevertrou is, goed op te pas.

## [ Moderne skool vir Mpumalanga-gemeenskap ] > Vervolg van bl 1

"Om te kan presteer, het kinders 'n bevorderlike en inspirerende omgewing nodig, en hierdie skool sal 'n baken van hoop vir die hele gemeenskap wees," het Minister Motshekga gesê.

Sy het gesê sy is vol vertroue dat die skool die innoevoerders wat nodig is om Suid-Afrika na 'n hoë vlak te neem en ekonomiese ontwikkeling aan te vuur, sal voortbring.

Die Hoof Uitvoerende Beämpte van Glencore SA Coal, Clinton Efron, het gesê: "Ons is trots om die skool aan die Departement van Basiese Onderwys te oorhandiging. Die Makause Skool is 'n bewys van ons verbintenis tot Suid-Afrika en die plaaslike gemeenskappe waar ons sake doen."

"n Goeie opvoeding help om 'n sterk fondament vir kinders te bied, sodat hulle hul potensiaal kan verwesenlik," het hy bygevoeg.

## VEILIGHEID EN SEKURITEIT

# Kantoor van die Gesinsadvokaat stel kinders voorop

Samona Naidu

**D**ie talte probleme en geskille ten opsigte van wetlike toesig oor kinders en gevalle van bemiddeling en kinderontvoering wat Suid-Afrika teister, lei dikwels daar toe dat kinders die slagoffers word.

Die Kantoor van die Gesinsadvokaat (KGA) het dekades lank daar aan gewerk om gratis toegang tot geregtigheid vir kwesbare kinders, wat hulself nie kan beskerm nie, te verseker.

Onder leiding van Advokaat Petunia Seabi-Mathope, is die KGA binne die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling geplaas. Dit dien as 'n onbevooroordelde, familieregspesialis en raadgewer vir die hof in gevalle van geskille oor wettige toesig en ouerlike regte. Dit stel ook ouerskapplanne op, doen sielkundige evaluering van kinders saam met maatskaplike werkers en onderneem bemiddeling tussen gesinne waar die welsyn van die kind op die spel is.

"Ons belangrikste rol is om kinders in Suid-Afrika se belang te beskerm en te bevorder.

"Die blote bestaan van ons kantoor dui daarop dat die Suid-Afrikaanse Regering inderdaad kinders as 'n baie belangrike deel van ons samelewings beskou, en is 'n bewys van ons verbintenis tot die beskerming van die regte van kwesbare kinders ten opsigte van plaaslike reg en internasionale verdrae waartoe Suid-Afrika verbind is," het adv Seabi-Mathope gesê.

Die KGA, wat vanjaar sy 25ste bestaansjaar vier, het aanvanklik beperkte jurisdiksie gehad en het kantore slegs in sekere geografies gebiede gehad.

Met die bekendstelling van die Kinderwet, 2005 (Wet No 38 van 2005), is die KGA se dienste aan elke kind in die land beskikbaar

gestel, insluitend kinders wat in geskille oor onderhou en huishoudelike geweld vasgevang is.

"Ons het begin met net ses gesinsadvokaatkantore, en vandaag het ons meer as 25 kantore en 90 gesinsadvokate landwyd; ons hanteer ook gevalle van nie-litigasie deur die aanbied van ons bemiddelingsdienste," het adv Seabi-Mathope gesê.

Nie-litigasie isanneer 'n geval buite 'n hofsaal bespreek en verwerk word, en sluit ook getuenis deur die kind in. In baie opsigte help dit ook om die agterstand van hofsake te verminder.

Om gesinne verder te help, het die KGA sy kantore gesins- en kindervriendelik gemaak om kinders en gesinne veilig en gemaklik te laat voel, en sodoende ook die KGA in staat te stel om sy werk meer doeltreffend te doen.

'n Voorbeeld van 'n kindervriendelike metode wat deur die KGA ingestel is, is die *Child Tool Kit*. Voor die gebruik van hierdie hulpmiddel, het maatskaplike werkers vir 'n kind belangrike vrae gevra oor sy of haar agtergrond en lewenstyl, inligting wat noodsaaklik is vir enige wetlike geval. Maar dit was 'n uitdaging om kinders te kry om openlik met 'n vreemdeling oor intieme en emosionele sake te praat.

Die ontwikkeling van die hulpmiddel, wat onder meer uit inkleurboeke, kryt, en gesins- en vriendelike figure, bestaan, help die kind om die maatskaplike werker se vrae te beantwoord sonder om bedreig te voel.

"Die bevindinge was tot dusver uitsonderlik en voeg werklike waarde aan 'n geval toe," sê adv Seabi-Mathope.

Die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling moedig gemeenskappe aan om van dié kantoor gebruik te maak.

## OFFICE OF THE FAMILY ADVOCATE PROTECTING THE BEST INTERESTS OF CHILDREN

There are thousands of children in the country who are affected everyday by legal custody battles, mediation or child abduction. These circumstances make children vulnerable and affect them in many ways. The Office of the Family Advocate, located in the Department of Justice and Constitutional Development, is driven by the need to protect the rights of children whose parents are in dispute.

### A FAMILY RESTORED

Two young siblings from Mabopane in Gauteng now have a chance to live a healthy and happy childhood due to the assistance from the Garankuwa district Office of the Family Advocate (OFA).

Simphiwe Lamola (7)\* and his younger sister, Namhla (5) were recently reunited with their father, Ernest Lamola, who sought assistance from the OFA. The children had been in the custody of their mother, Siphokazi, after the couple split in 2013. During this time, Simphiwe and Namhla did not attend school regularly.

Fearing she would lose her children, Siphokazi was assured by the family councilor that the mediation between her and her ex-husband would ensure that the wellbeing of the children would be put first. Both parents agreed to work out a way to best support and meet the best interests of their children together.

A mediation session was held by the Office of the Family Advocate. The matter was resolved by the parents, with the assistance of the councilor, within a few hours. As a result, the children are now living with their father, and visit their mother regularly.

\*The names of the family members were changed to protect their identity.

### WHAT IS THE OFFICE OF THE FAMILY ADVOCATE?

A Family Advocate is an unbiased Family Law specialist who assists parental parties to reach an agreement on disputes regarding the care and contact of children through mediation.

### YOU MAY CONSULT THE OFFICE OF THE FAMILY ADVOCATE IF:

- There is a dispute regarding contact or care of a child.
- A person wants to draft a parental rights and responsibilities agreement.
- They want to register their parental rights and responsibilities agreements.
- A person wants to amend or terminate parental rights and responsibilities agreements registered with the Family Advocate.

- There is a dispute on whether the unmarried father of the child born out of wedlock has satisfied the requirements which makes him eligible to acquire full parental rights and responsibilities in terms of the law.
- Courts also make orders that the Family Advocate has to conduct an inquiry as to what is in the best interest of the child.

The Family Advocate can amend or terminate parental rights and responsibilities agreements registered by the Family Advocate's office. This means that the parties do not have to go to court if they want to amend the agreement when the need arises.

In the process of consulting, if the parties reach agreement on disputed issues the matter does not proceed to trial, thereby saving legal costs and time.

Courts or Judicial Officers are required by law to consider the report and/or recommendations of the Family Advocate when making a decision as to what is in the best interest of the minor child.

Courts will not readily give a decree of divorce where there is a dispute regarding minor children without the report or recommendations of the Family Advocate.



Parental rights and responsibilities agreements or parenting plans registered with the Family Advocate have the same legal effect as an order of court.

### QUICK FACTS

- The recommendation of the Family Advocate is intended to assist the Court in adjudicating a matter and arriving at a particular order. The recommendation itself is not enforceable unless incorporated in a Court Order.
- The Family Advocate cannot be subpoenaed to Court as a witness to give evidence on behalf of any party even if his/her recommendation is in favour of that party.
- The Family Advocate is a neutral institution and cannot act as a legal representative.

CONTACT THE OFFICE OF THE CHIEF FAMILY ADVOCATE ON 012 357 8022

### Kontakbesonderhede vir kantore van die gesinsadvokaat:

#### Hoof Gesinsadvokaat:

Adv Petunia Seabi-Mathope  
Tel: 012 357 802

E-pos:  
NationalOffice-FA@justice.gov.za  
Fisiese adres: 329 Pretoriussstraat,  
Momentum-gebou, Westoring,  
Pretoria

#### Bloemfontein, Vrystaat:

Adv. L.M. Sangau  
Tel: 051-447 1115,  
E-pos: Bloemfontein-FA@justice.gov.za,  
Fisiese adres: Nelson Mandela-weg 163A, 2de Ver-  
dieping, Sanlamgebou,  
Bloemfontein

#### Kaapstad, Wes-Kaap:

Adv. S. Ebrahim  
Tel: 021 426 1216

E-pos: CapeTown-FA@justice.gov.za

Fisiese adres: 10de Verdieping,  
Union Castle-gebou,  
H/v Housestraat en St George's Mall,  
Kaapstad

#### Durban, KwaZulu-Natal:

Adv M. C. O'Gorman  
Tel: 031 310 6500  
E-pos: Mogorman@justice.gov.za  
Fisiese adres: Margaret Mncadi-weg 143,  
15de Verdieping, Maritieme Huis,  
Durban

#### Oos-Londen, Buffalo City, Oos-Kaap

Adv K. Gounden  
Tel: 043 722 8866/7  
E-pos: EastLondon-FA@justice.gov.za  
Fisiese adres: St Peters-weg 29,

Southernwood, Oos-Londen

**Johannesburg, Gauteng:**  
Adv. N. Thokoane  
Tel: 011 333 3724,  
E-pos: Johannesburg-FA@justice.gov.za,  
Fisiese adres: Pritchardstraat 94,  
13de Verdieping, Schreiner Chambers,  
Johannesburg

#### Kimberley, Noord-Kaap:

Adv. P.M. Molokwane  
Tel: 053 833 1019/63  
E-pos: Kimberley-FA@justice.gov.za  
Fisiese adres: 5de Verdieping,  
New Public-gebou (Magistraatskantoor),  
H/v Knight- en Steadstraat,  
Kimberley

#### Mafikeng, Mmabatho, Noordwes:

Adv. B. Makganyoha  
Tel: 018 388 9500  
E-pos: Mafikeng-FA@justice.gov.za  
Fisiese adres: Steve Biko-weg 461/805,  
Eenheid 2, Mmabatho

#### Nelspruit, Mpumalanga:

Adv. B. Mkhize  
Tel: 013 752 2755  
E-pos: Nelspruit-FA@justice.gov.za  
Fisiese adres: Marllothstraat 3,  
Nelspruit

#### Polokwane, Limpopo:

Adv. M.E. Khesa  
Tel: 015 291 1730  
E-pos: Polokwane-FA@justice.gov.za  
Fisiese adres: Wyndom Park-gebou,  
Rabiestraat 23, Polokwane

# Kontant-inspuiting vir SA se howe vir klein eise

Noluthando Mkhize

**H**ewe vir klein eise regdeur die land is gereed om te verbeter danksy 'n ooreenkoms tussen die Suid-Afrikaanse Regering en die Switserse Konfederasie.

Die ooreenkoms, wat in 2007 onderteken is, word in twee fases geïmplementeer. Altesaam R4,5 miljoen is vir die eerste fase, wat tot 2011 geduur het, geoormerk. Dit het op die verbetering van die funksionering en doeltreffendheid van howe vir klein eise gefokus.

Fase twee het vanaf Maart 2011 tot 28 Februarie 2015 geduur, teen 'n verdere koste van R10 miljoen.

Teen die einde van die tweede fase, het die Switserse Konfederasie aangebied om die oor-

eenkoms met tien maande te verleng tot einde Desember 2015, met 'n bykomende bedrag van R3 miljoen.

Sedert die aanvang van die projek is 331 howe vir klein eise gevestig, hoofsaaklik in voorheen benadeelde gemeenskappe, landelike dorpe en townships.

Bykomende programriglyne vir howe vir klein eise se klerke en kommissaris se gedruk en versprei en word nou hersien en bygewerk, terwyl 270 klerke en 487 kommissaris opgelei word.

Kommissaris wat voorsit in hierdie howe is gekies uit 'n poel van ervare regslui en akademici, wat hul dienste gratis verskaf.

Die Minister van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling, Michael Masutha, het met sy onlangse begrotingsrede gesê howe vir klein eise is

'n belangrike kanaal waardeur mense vinnig en teen geen koste toegang tot die reg kan verkry.

"Die aantal howe vir klein eise het van 68 in 2009, tot 340 in 2014/2015 toegeneem. Ons is baie naby om ons teiken van 384, een per landdrosdistrik, te bereik," het hy gesê.

Howe vir klein eise word gebruik om klein siviele geskille en eise tussen partye op 'n informele wyse te skik sonder verteenwoordiging deur 'n prokureur.

'n Bedrag van hoogstens R15 000 kan by die hof vir klein eise geëis word. Voor 2010 kon howe vir klein eise slegs gevallle hanteer waar klein siviele eise van R7 000 en minder op die spel was.

Die jurisdiksies van die howe is vanaf April 2014 tot R15 000 verhoog.

Enigemand kan gratis van die dienste van die

hof vir klein eise gebruik maak; maar moet net die balju se fooi betaal.

Die departement beoog om sulke howe in elke landdrosdistrik regoor die land te vestig.

#### Vir meer inligting, kontak

**Me Funeka Thema**  
Tel: 012 357 8236 of  
**Me B.S. Sithole**: Tel: 012 357 8258  
Faks: 086 500 5549  
16de Verdieping, Oostoring,  
Momentum-gebou, Pretoria.  
Om uit te vind waar die naaste hof vir klein eise in jou omewing is, besoek [http://www.justice.gov.za/scc/scc\\_courts.htm](http://www.justice.gov.za/scc/scc_courts.htm)